higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste vraestel)
**NKR VLAK 4**

(4101064)

**19 November 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

017Q1N2019

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 180**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEES EN KYK | [50] |
| AFDELING B: PRÉCIS | [20] |
| AFDELING C: KYK | [30] |
| AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK | [40] |
| AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN DIE PRAKTYK | [40] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n nuwe bladsy.

7. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n duidelike streep deur werk wat jy nie nagiesien wil hê nie. As jy dit nie doen nie sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEES EN KYK

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**VAN DIE SLAGHUIS TOT SUKSES**
**deur Marizanne Kok**

**Gebreekte bus het haar lewe verander**

1. 'n Gebreekte bus dui gewoonlik die einde van 'n rit aan. Maar vir Desiree Ellis was dit eerder die begin - die noodlot om gestrand in 'n gebreekte bus te sit, het haar na 'n kruispad gedwing, vanwaar sy al die pad na vrouesokker se Wêreldbekertoernooi gestap het.

2. Ellis, afrigter van die Banyana Banyana-span wat verlede jaar gekwalifiseer het om Suid-Afrika se eerste span ooit by die Wêreldbeker vir vroue te word, het die afgelope week skaars stilgesit. Maar dié vrou ken van skarrel. Dis immers van nooit stilsit nie dat sy oor die afgelope kwarteeu 'n legende geword het.

3. Dit het alles begin toe sy en haar nefies begin sokker speel het in die strate van Soutrivier. Op 15 het sy uiteindelik 'n klub gevind waar sy saam met vroue kon speel en op 30 het sy haar debuut vir die nasionale span gemaak.

4. 'Dit was 'n wonderlike tyd, Nelson Mandela was uit die tronk en die wêreld het weer hul arms vir ons oopgemaak. Toe kom die oproep dat ek vir Banyana moet kom speel. My werkgewer by die slaghuis waar ek gewerk het, het gesê ek moet maar besluit of ek wil gaan of nie, maar ek beter sorg dat ek die Maandag terug is by die werk. Toe gaan ek Johannesburg toe, ons wen 14–0 en ek en twee ander spelers teken driekunste aan. Ons klim terug op die bus met singende harte – en daar breek die bus en ek maak dit nie betyds terug werk toe nie. So, natuurlik word ek toe afgedank.'

5. Vir die volgende drie jaar was sy werkloos, met net hier en daar 'n *joppie* om haar op haar voete te hou. Sy het kos verkoop, was vir 'n wyle die 'posvrou' by 'n tydskrif – enigiets om die balju van die deur te hou.

6. In 1994 is Ellis gekies as kaptein en sy het dit gebly tot haar uittrede in 2002. 'n Loopbaan wat 32 internasionale wedstryde ingesluit het, het net nege nederlae opgelewer – 'n wenpersentasie van 72%.

7. Vir dié 55-jarige sokkermal vrou het afrigting ná die einde van haar loopbaan as speler die naelstring met haar sport laat behoue bly. In 2016 is Ellis aangestel as 'waarnemende' hoofafrigter – en is eers vroeg vanjaar vas aangestel.

8. ‘Ek is baie dankbaar dat ek uiteindelik die geleentheid gekry het om te wys ek is die regte vrou om af te rig. Ek sê altyd wees die beste in wat jy kan doen.’

9. Banyana se kwalifisering vir die WB, nadat hulle in die halfeindronde van die Afrika-nasiesbeker met Mali afgereken het, was een van die grootste oomblikke van haar lewe. 'Dié wonder-Dinsdag in Accra was die emosies so oorweldigend, jy soek net iemand om te omhels en saam met wie jy kan skree, want ons het 'n baie groot droom bewaarheid. Daar was maar baie vlinders in die maag voor die halfeind.’

10. 'Dit sou lekker gewees het om ook die eindstryd teen Nigerië te wen, maar ons kan darem sê ons het alles gegee. Nogtans was daar baie ondersteuning.

11. Volgende jaar gaan 'n grote wees, met die Wêreldbeker én die kans om te kwalifiseer vir die Olimpiese Spele, so ek kan nie die af-knoppie druk nie,' sê sy. En onwillekeurig wonder 'n mens: Het hierdie vrou ooit 'n af-knoppie?

[Verwerk uit: *Rapport, 9 Desember 2018*]

**VRAE:**

1.1 Verwys na die titel.

1.1.1 Verduidelik waarom jy dink die titel is gepas/nie gepas is nie. (Verwys na paragraaf 4.)

1.1.2 Haal EEN woord uit die titel aan wat aandui dat Desiree Ellis aanvanklik 'n alledaagse lewe gelei het.

(2 × 1) (2)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die woord 'noodlot' (paragraaf 1) impliseer dat ...

A jy kan kies wat met jou gebeur.
B jy het beheer oor wat jy doen.
C dit wat met jou gebeur is gewoonlik positief.
D dit wat met jou gebeur is onvermydelik. (1)

1.3 In paragraaf 1 word aangedui dat Desiree 'al die pad na vrouesokker se Wêreldbekertoernooi gestap het.'

Hierdie uitdrukking kan LETTERLIK én FIGUURLIK verstaan word.
Verduidelik beide die letterlike en figuurlike betekenis van hierdie uitdrukking. (2)

1.4 Desiree is na 'n kruispad gedwing.

1.4.1 Verduidelik wat gewoonlik by 'n kruispad gebeur. (1)

1.4.2 Verduidelik die betekenis van hierdie uitdrukking binne die konteks van die leesstuk. (1)

1.4.3 Verduidelik waarom hierdie uitdrukking gepas is. (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord deur 'n sinsnede uit die leesstuk aan te haal.

Ellis en haar medespelers was treurig ná hul eerste oorwinning. (2)

1.6 Haal 'n antoniem vir 'stilsit' uit paragraaf 2 aan. (1)

1.7 Haal EEN woord uit paragraaf 7 aan wat daarop dui dat Ellis gek is oor sokker. (1)

1.8 Haal EEN woord uit paragraaf 2 aan vir die volgende beskrywing: iemand wat lank onthou word vir iets wat hy/sy bereik het. (1)

1.9 Afrigting het gehelp dat Ellis nóú verbind met sokker gebly het. Haal EEN woord uit paragraaf 7 aan om hierdie stelling te bewys. (1)

1.10 Haal EEN woord uit paragraaf 3 aan wat aandui dat Desiree nie tevore vir die nasionale span gespeel het nie. (1)

1.11 1.11.1 Die uitdrukking 'die wêreld het weer hul arms vir ons oopgemaak' is 'n voorbeeld van ...

A alliterasie
B vergelyking
C personifikasie
D klanknabootsing

1.11.2 Verduidelik hierdie uitdrukking in jou eie woorde.

(2 × 1) (2)

1.12 Ellis vertel dat Banyana 14–0 gewen het en dat sy en twee ander spelers driekunste aangeteken het.

1.12.1 Dink jy dat enige persoon 'n driekuns kan behaal? Motiveer jou antwoord. (2)

1.12.2 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n driekuns is. (1)

1.13 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.13) in die ANTWOORDBOEK neer.

Indien 'n mens 'vlinders in die maag het' (par 9), beteken dit dat 'n mens ... voel.

A senuweeagtig
B optimisties
C pessimisties
D uitgelate (1)

1.14 Waarom beskou Ellis die feit dat sy by die slaghuis afgedank is, as 'natuurlik'? (1)

1.15 Ellis was vir drie jaar sonder werk, maar het af en toe 'n '*joppie*' gedoen om aan die gang te bly.

1.15.1 Verduidelik waarom die woord '*joppie*' skuinsgedruk is. (1)

1.15.2 Vervang '*joppie*' met ‘n goeie Afrikaanse woord. (1)

1.15.3 Waarop dui die gebruik van verkleining by hierdie woord? (1)

1.16 Dui aan of die volgende stellings FEIT of MENING is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Feit' of 'Mening' langs die vraagnommer (1.16) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord deur 'n sinsnede uit die leesstuk aan te haal.

Banyana het goed gevaar terwyl Ellis die kaptein was. (2)

1.17 Ellis is aanvanklik as 'waarnemende' afrigter aangestel.

Verduidelik wat dit beteken. (1)

1.18 Was Banyana onoorwonne in die Afrika-beker? Staaf jou antwoord. (2)

1.19 Ellis vertel van 'n 'wonder-Dinsdag in Accra'.

Verduidelik waarom sy hierdie dag so beskryf. (1)

1.20 Die artikel word afgesluit met die stel van 'n vraag.

1.20.1 Wat word deur hierdie vraag geïmpliseer? (2)

1.20.2 Benoem hierdie tipe vraag. (1)
**[35]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: BRIEF AAN DIE PERS

Lees die onderstaande brief aandagtig deur en beantwoord die vrae.

Pizzastraat 1
CLOCOLAN
3012
12 November 2019

Die Redakteur
Volksblad
Posbus 101
BLOEMFONTEIN
0002

Geagte Meneer

DINK VOOR JY INK

Ek besef dat *tattoos* en *piercings cool* is wanneer jy jonk is, maar dit kan jou eendag duur te staan kom wanneer jy werk soek!

Tieners rebelleer – dit weet jy óf uit jou eie rebelse ondervinding óf deur jou tiener by die huis wat sonder rede dikbek deur die lewe gaan. Soms gaan dit só ver dat hulle enigiets sal doen om jou bloeddruk op te stoot. Soos deur sonder jou toestemming 'n *tattoo* te kry, of *piercings* op allerhande snaakse plekke ... En elke keer wanneer jy in daai *tattoo* of neusring vaskyk, kan jy net wonder waar dit gaan eindig.

Hoewel *tattoos* en *body piercings* nie meer so taboe soos vroeër is nie, is dit iets wat jy moontlik jare later kan berou, want spyt kom altyd te laat!

Die uwe
*R. Hendricks*
Rowena Hendricks

[Verwerk uit: *Kuier, 29 Junie 2016*]

**VRAE:**

2.1 'n Standpunt verskil, afhangende van elke persoon se perspektief.

Verduidelik waarom elkeen van die volgende persone met Rowena se standpunt sal saamstem/nie saamstem nie.

2.1.1 Tieners

2.1.2 Werkgewers

(2 × 2) (4)

2.2 Die briefskrywer gebruik talle woorde soos *piercings*, *cool* en *tattoos* in haar brief.

Verduidelik in goeie Afrikaans wat 'n *piercing* is. (1)

2.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.3) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord deur uit die leesstuk aan te haal.

'n Mens word nie kwaad met 'n tiener in die huis nie. (2)

2.4 Van watter woord is 'daai' afgelei? (1)

2.5 Haal 'n sinoniem uit die brief aan vir 'verbode'. (1)

2.6 Noem TWEE moontlike optredes deur tieners wat volgens Rowena bewys dat hulle rebelleer. (2)

2.7 Dit is baie duidelik dat die skrywer gekant is teen tatoeërmerke en *piercings*.

2.7.1 Sal jy graag self 'n tatoeërmerk of *piercing* wil hê? Verduidelik jou antwoord.

2.7.2 Dink jy ouers behoort 'n sê te hê as hul tieners (kinders) tatoeërmerke en *piercings* wil hê? Verduidelik jou antwoord.

(2 × 2) (4)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: PRÉCIS

### VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL OM OP TE SOM

- Verduidelik HOE 'n mens SUKSESVOL kan herwin.
- Skryf SEWE hoofgedagtes in EIE VOLSINNE neer.
- Skryf jou sinne in PARAGRAAFFORMAAT neer.
- Jou précis mag nie langer as 60–70 woorde wees nie.
- Verduidelik so ver as moontlik in jou eie woorde.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die précis aan.

**HOE OM SUKESEVOL TE HERWIN**

As jy die eerste keer jou rommel begin herwin, is die hele spul dikwels meer oorweldigend as daardie walglike foto's van plastiek-eilande in die oseaan. Jy sal gou aan 'n herwinningsroetine gewoond raak. Maar wéét minstens dit maak 'n verskil – al begin jy hóé klein. Gesels met die versamelaars in jou straat en vra wat jy vir hulle eenkant kan sit. Só word jou herwinning weggeneem, die versamelaar word betaal, en jy hoef nie te wonder wat om daarmee te maak nie. Sowat 37 000 versamelaars maak op herwinning staat vir hul daaglikse brood. Maak herwinning maklik vir die versamelaars. Jy hoef nie alles met seep te skrop voordat jy dit weggooi nie, maar spoel dit vinnig uit anders lok dit knaagdiere en moet herwinnaars aan vrot kos vat as hulle rommel sorteer. Moenie herwinbare papier, plastiek en blikkies in een sak gooi nie. Hoe meer stowwe gemeng word, hoe duurder is dit om dit te skei. Plastiekbottels kan volgens die nommers onderaan die bottels sorteer word. Koeldrankbottels en melkbottels word maklik herwin. Trap bokse en plastiekbottels plat sodat dit minder plek in die dromme opneem. Herwinnaars kan dan minder ritte ry as hulle nie groot sakke met bottels vol lug vervoer nie. Daar is ongelukkig nie een sentrale beheersentrum vir herwinning soos vir gewone rommel nie. Daar is verskeie herwinnaars in Suid-Afrika: soek op Google vir herwinnaars naby jou. Doen jou deel vir die die bewaring van moederaarde.

[Verwerk uit: *Rapport, 20 Januarie 2019*]

**TOTAAL AFEDLING B: 20**

## AFDELING C: KYK

## VISUELE TEKSTE

### VRAAG 4: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie aandagtig en beantwoord die vrae.

**Dit is 'n helder somersdag.**
**Skielik gebeur die**
**ONDENKBARE.**

***Jy soek in jou tas. Jy soek onder jou bed.***

Jy soek in die kombuis, agter die wasgoedmandjie, op die badkamer se rakkie en selfs in die oond se warmlaai.

**ALS TEVERGEEFS.**
**DAAR IS NÊRENS 'N ONGELEESDE BOEK TE VINDE NIE.**

**Jou hart hamer in jou bors, jou keel trek toe.**

*DAAR IS NOG SES DAE VAKANSIE OOR!*
*WAAR OP MOEGGEPLOEGPAN-WES GAAN JY NUWE LEESSTOF KRY?*

Desperaat strompel jy koskas toe om te kyk of daar 'n ontbytpapboks met 'n paar woorde op is.

**JY TREK DIE DEUR OOP EN ... ONTHOU!**
**Daar IS mos 'n boekwinkel in hierdie geweste!**

Met 'n sug van verligting trek jy jou tablet nader en gaan na www.lapa.co.za
Dankie tog vir jou *Afrikaanse Boektuiste!*

**LAPA UITGEWERS**
Jou AFRIKAANSE BOEKTUISTE

[Verwerk uit: *Taalgenoot, Herfs 2017*]

4.1 Die woorde 'Jy soek' word drie keer in die advertensie herhaal.

4.1.1 Waarom word hierdie woorde herhaal?

4.1.2 Waarna soek die persoon?

(2 × 1) (2)

4.2 'Skielik gebeur die ondenkbare.'

4.2.1 Wat beteken die woord *ondenkbare*?

4.2.2 Wat sou jy as ondenkbaar beskou in jou lewe?

(2 × 1) (2)

4.3 Sommige plekke waar die persoon soek is realisties, terwyl ander totaal onrealisties is.

4.3.1 Noem EEN realistiese plek waar die persoon soek.

4.3.2 Noem EEN onrealistiese plek waar die persoon soek.

(2 × 1) (2)

4.4 Noem TWEE fisiese bewyse dat die persoon angstig voel. (2)

4.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord deur 'n sinsnede uit die advertensie aan te haal.

Daar is geen boeke in die huis nie. (2)

4.6 Die persoon bevind hom/haar op Moeggeploegpan-wes.

Verduidelik die simboliek van die pleknaam. (1)

4.7 Haal EEN woord uit die advertensie aan wat beteken 'om struikelend te beweeg'. (1)

4.8 Haal 'n sinoniem uit die advertensie aan vir:

4.8.1 'vrugteloos'

4.8.2 'wanhopig'

(2 × 1) (2)

4.9 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die persoon is op soek na 'n ontbytpapboks omdat hy/sy …

A honger is.
B iets soek om te lees.
C verveeld is.
D niks het om te eet nie. (1)

4.10 'Jy trek die deur oop …'

Watter deur word oopgetrek? (1)

4.11 'Daar IS mos 'n boekwinkel in hierdie geweste.'

4.11.1 Word hierdie stelling LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik?

Verduidelik jou antwoord. (2)

4.11.2 Gee 'n eietydse woord vir 'geweste'. (1)

4.12 'Met 'n sug van verligting trek jy jou tablet nader …'

4.12.1 Verduidelik wat 'n tablet is, soos verwys in die stelling hier bo.

4.12.2 Gebruik die woord 'tablet' in 'n sin sodat die betekenis verander. (2 × 1) (2)

4.13 Hoe het die persoon uiteindelik 'n boek gekry? (1)

4.14 'n Huis is die gebou waarin ons woon. Verduidelik wat 'n tuiste is. (1)

4.15 Wie is die adverteerder? (1)

4.16 Studente word gereeld aangemoedig om boeke te lees.

Wat is jou mening oor die belang van lees vir studente? (1 × 2) (2)

4.17 Evalueer hierdie advertensie krities.

4.17.1 Noem TWEE items wat jy sou wou verander of byvoeg om die advertensie meer treffend te maak. (2 × 1) (2)

4.17.2 Motiveer die antwoorde in 4.17.1 in twee goeie sinne. (2 × 1) (2)

**[30]**

## AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

### VRAAG 5: ARTIKEL

- Bestudeer die onderstaande artikel aandagtig.
- Voltooi die teks met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld:

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.1 (in die dag) | A Gee een woord |

**Antwoord:** 5.1 bedags

**Flukse Phillip vryf sy eie toekoms blink**

| KOLOM A | KOLOM B | PUNT |
|---|---|---|
| (5.1 **Flukse Phillip vryf sy eie toekoms blink**) | Verwys na die titel:<br>5.1.1 Dui die alliterasie aan. | (1) |
| | 5.1.2 Dui die LETTERLIKE én FIGUURLIKE betekenis van die titel aan. | (2) |
| | 5.1.3 Herskryf die titel en gebruik die byvoeglike naamwoord 'fluks.' predikatief. | (1) |
| (5.2 As jy wíl, dan sál jy.) | 5.2 Verklaar die gebruik van die aksenttekens. | (1) |
| Phillip Buys(5.3 28) | 5.3 Skryf die getal uit in woorde. | (1) |
| (5.4 onderskryf) dié spreekwoord. | 5.4 Verklaar die betekenis deur die korrekte woord te kies: ondersteun / ondermyn | (1) |
| (5.5 Hy poleer motors om vir sy studies te betaal.) | 5.5 Skryf in die lydende vorm. | (2) |
| (5.6 Hy het geweet altyd om te studeer is daar nie geld nie.) | 5.6 Skryf die korrekte woordorde. | (3) |
| Hy het begin om klein (5.7 duikies/dykies) en | 5.7 Kies die korrekte spelling. | (1) |
| (5.8 skade van die hael) aan motors | 5.8 Gee EEN woord. | (1) |
| (5.9 herstel) vir 'n | 5.9 Gee die infinitief. | (1) |
| (5.10 inkomste). | 5.10 Gee die antoniem. | (1) |
| In 2012 het Phillip Pretoria toe<br>(5.11 huis), net betyds vir die | 5.11 Gee die korrekte werkwoord. | (1) |
| (5.12 berugte) haelstorm wat die stad getref het. | 5.12 Gee 'n sinoniem. | (1) |
| (5.13 Maar al het hy diep geskep toe dit pap reën), het ál meer mense haelduike begin herstel. | 5.13 Verduidelik die spreekwoord. | (1) |
| Naderhand het hy by (5.14 narkotiseurs/narkotiseers) gewerk om geld te verdien. | 5.14 Kies die korrekte spelling. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| (5.15 'Ek kan nie in 'n kantoor werk nie. Ek haal dinge uitmekaar vandat ek 'n skroewedraaier kan vashou. Ek wil buite wees en met my hande werk, het Phillip gesê.') | 5.15 Skryf in die indirekte rede. | (4) |
| Toe het hy begin studeer. (5.16 Sy pa het hom gehelp met die registrasiegeld.) | 5.16 Skryf in die bedrywende vorm. | (2) |
| Die res het hy (5.17 ten volle) met sy poleergeld betaal. | 5.17 Kies die korrekte woord om die betekenis korrek te verklaar: Hy het (baie/geen) skuld oorgehad (nie). | (1) |
| Hy het 'n Facebookblad, (5.18 Bright Future) | 5.18 Vertaal in korrekte Afrikaans. | (1) |
| vir sy onderneming (5.19 op die been gebring) en | 5.19 Gee EEN woord vir die uitdrukking. | (1) |
| adverteer so sy (5.20 diens.) | 5.20 Gee die meervoud. | (1) |
| (5.21 Buys offer baie van sy tyd vir sy besigheid op.) | 5.21 Verduidelik die betekenis van die gesegde. | (1) |
| 'Ek is ‘n (5.22 perfeksionisties) en is bereid | 5.22 Gee 'n selfstandige naamwoord. | (1) |
| om vir mense te (5.23 *guarantee*) dat hulle gelukkig sal wees met my werk. | 5.23 Vertaal in Afrikaans. | (1) |
| Ek sal ná elke (5.24 *job*) my lappe met die hande was.' | 5.24 Verduidelik die gebruik van die Engelse woord. | (1) |
| Dit neem tussen vier en vyf ure se (5.25 swoeg) per motor. | 5.25 Voltooi die uitdrukking: Om te swoeg en … | (1) |
| Mense dink 'n goedkoop bottel politoer kan (5.26 die ding doen.) | 5.26 Gee EEN woord. | (1) |
| Hy demonstreer (5.27 gretig) hoe hy te werk gaan. | 5.27 Gee 'n sinoniem. | (1) |
| (5.28 Baie mense sê hulle is nie bang vir werk nie), | 5.28 Skryf in die verlede tyd. | (2) |
| maar ek voeg die (5.29 …) by die woord. | 5.29 Voltooi die gesegde deur die korrekte woord te kies: hand daad taal | (1) |

**[40]**

[Verwerk uit *Rapport, 5 Mei 2019*]

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

### VRAAG 6: MEDIA

6.1 Koerante en tydskrifte maak gebruik van visuele sowel as geskrewe tekste.

Noem DRIE redes waarom visuele materiaal belangrik is vir kommunikasie. (3)

6.2 Noem DRIE vereistes waaraan die geskrewe teks van visuele tekste moet voldoen. (3)

6.3 'n Teks is multimodaal wanneer dit twee of meer maniere van kommunikasie behels.

Noem VIER maniere van kommunikasie. (4)

6.4




6.4.1 Wat is die doel van hierdie strokiesprent/spotprent?

6.4.2 Wie is die teikengroep van hierdie strokiesprent/spotprent? (2 × 1) (2)

6.5 Dink jy dat spotprenttekenaars altyd eties korrek optree?

Verduidelik jou antwoord. (2)

6.6 Wat is die doel van politieke spotprente? (1)

6.7 Karikature word dikwels in koerante en tydskrifte gebruik.

6.7.1 Verduidelik wat 'n karikatuur is. (1 × 2) (2)

6.7.2 Verduidelik wat die doel van 'n karikatuur is. (1)

6.8 Hou jy daarvan om spotprente/strokiesprente te lees?

Staaf die antwoord in TWEE goeie sinne. (2 × 1) (2)
**[20]**

## VRAAG 7: MANIPULERENDE KOMMUNIKASIE MEDIA

7.1 Ontwerp 'n TREFFENDE koerantopskrif vir elk van die volgende situasies: (maksimum 6 woorde elk)

7.1.1 Vier vroue gaan probeer om die eerste vrouespan uit Afrika te wees wat Berg Everest tot heel bo uitklim.

7.1.2 Ouers soek die mees doeltreffende manier om hul kinders teen teleurstelling te beskerm.

7.1.3 Baie van ons sukkel met moegheid, maar net 'n paar klein veranderinge kan 'n groot verskil maak om jou energievlakke 'n hupstoot te gee.

7.1.4 Soms verloop die lewe nie soos wat jy beplan nie. Soms werk dit selfs beter uit!

7.1.5 Studies het bewys dat té veel TV en rekenaarspeletjies nadelig is vir kinders, daarom behoort skermtyd vir kinders beperk te word.
(5 × 1) (5)

7.2 NOEM en BESPREEK DRIE manipulerende tegnieke van propaganda.
(3 × 2) (6)

7.3 Stereotipering, bv. geslagstereotipes, behels veralgemenings, positief én negatief.

7.3.1 Gee EEN voorbeeld van 'n POSITIEWE geslagstereotipe.

7.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n NEGATIEWE geslagstereotipe.
(2 × 1) (2)

7.4 Bespreek weglating ten opsigte van 'n foto, as tegniek vir selektiewe beriggewing. (3)

7.5 Gewilde TV-reekse bevat toenemend negatiewe en afbrekende inhoud wat nie opbouend vir die kykers, veral kinders, is nie.

7.5.1 Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1 × 2)

7.5.2 Wat is jou mening oor ouers wat skoolgaande kinders se programkeuses beperk/beheer?
(1 × 2) (4)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou